LITURGIE VIR DIE EREDIENS
SONDAG 27 JUNIE 2010

OGGENDDIENS

Lees: Efesiërs 4:17-5:5
Teks: Efesiërs 4:22-24
Tema: Kleedrepitisie

ONTMOETINGSDIENS

- Votum (sit): Uitgespreek
- Groetseën
- Lofsang (staan): Ps 147:1, 3 (p. 705)
- Geloofsbelydenis: 12 Artikels
- Sing die amen (staan): Sb 13-2

VEROOTMOEDIGINGS- EN VERSOENINGSDIENS

- Wet (sit): Eks 20
- Sing (staan): Ps 4:3, 4 (p. 14)

WOORD- EN GEBEDSDIENS

- Gebed (sit/staan)
- Skriflesing
- Preek
- Sing as gebed: Sb 10-1:1-4 (melodie van Ps 50 op p. 254)

ANTWOORDDIENS

- Kollekte
- Sing (staan): Sb 7-2:1, 2
- Wegstuurseën
- Sing die Amen (staan): Sb. 13-3.

Bewoording: 12 Artikels

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is
en die lyding van die hel ondergaan het,
wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
waarvandaan Hy sal kom om die lewendes
en die dooies te oordeel.
Ek glo in die Heilige Gees;
Ek glo aan ’n heilige, algemene Christelike kerk,
die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die liggaam
en ’n ewige lewe.

Efesiërs 4:17-5:5 (teks: Ef 4:22-24)

17 In die Naam van die Here doen ek ’n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie.
Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God
skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en
hulle met ’n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.
20 Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy
volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22 Hou dan op om te lewe soos julle
vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.
23 Julle gees en gedagtes moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe
volkome volgens die wil van God en wees heilig.
25 Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van
dieselfde liggaam.
26 As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie ’n dag kwaad afsluit nie. 27 Moenie die duiwel
vatkans gee nie.
28 As iemand ’n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op ’n eerbare manier self in sy
lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.
29 Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van
omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.
30 En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met
die oog op die verlossingsdag.
31 Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen
wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in
Christus vergewe het.
5 Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. 2 Lewe in liefde, soos
Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as ’n offergawe gegee het, ja, ’n offer wat vir God
aanneemlik was.
3 Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle
selfs geen sprake wees nie. 4 Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God
pas by julle. 5 Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of ’n gierigaard is—want
gierigheid is afgodery—het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.